

HOOFSTUK XV.

ADAMSON EN DIE CHRISTELIKE NASIONALE ONDERWYS-
BEWEGING.

1. AGTERGROND.

Die onderwysgeskiedenis het nie altoos langs vreedsame bane ontwikkel nie, terwyl die ontwikkeling in byna alle lande met stryd gepaard gegaan het. Uit die feite blyk dit dat hierdie stryd altoos begin het sodra die staat volksonderwys as sy verantwoordelikheid oorneem het.¹ Die geskil het in die reël daarop neergekom dat die eenvormige onderwysstelsel van die staat nie in al die besondere behoeftes van die gemeenskap kon voorsien nie. Die staat beoog 'n alleenreg en wil die onderwys volgens eie stelsel standaardiseer, terwyl die gemeenskap, wat uit 'n verskeidenheid van partye en groepe bestaan, elk 'n rigting volgens eie aard en doelstellinge beoog.

Ook in die Transvaalse skoolgeskiedenis is hierdie twee standpunte duidelik merkbaar, want die oorgang van die onderwys uit die hande van die ouers tot die van die staat het merkbare spore na 1902 nagelaat.

Vir die Voortrekker was dit die natuurlike reg en plig om die onderwys van sy kinders waar te neem.

„So het vader en moeder
hulself voorsien om hul kinders
tuis en op die trek te onderwys en
in die vrese van die Here op te
voed.”²

1. Kamp: De School Hoort aan de Ouders, 5.

2. Coetzee: Die Voortrek. Spesiale Byvoegsel tot die Transvaler van 13 Desember 1949, 32.

Namate hierdie baanbrekers meer gevestig geraak het, is klein skooltjies opgerig. Die verskaffing van die onderwys, alle geldelike aangeleenthede, die keuse en die aanstelling van onderwysers het egter die plig van die ouer gebly. Van staatsinmenging was daar geen sprake nie.

In 1872 het president Burgers nie alleen met nuwe godsdienstige en politieke ideë vorendag gekom nie, maar hy het ook staatsbeheer oor die onderwys voorgestaan.

Na die Eerste Vryheidsoorlog het president Kruger besef dat die ontwikkeling van die volkslewe hoër eise aan die onderwys begin stel het. Om die rede het die staat sig dus ook hier met volksonderwys ingelaat. Die nuwe Superintendent van Onderwys, ds. S.J. du Toit, is opgedra om 'n wetsontwerp op te stel waarkragtens die hele aangeleentheid toe gereël is en die regte van die ouers in aanmerking geneem is. In artikel 1 is duidelik bepaal dat die onderwys 'n plig van die ouer is en dat die staat slegs deur 'n goeie organisasie en 'n geldelike bydrae hulp moes verleen.

Voorts is bepaal dat die staat toesig moes hou oor die doeltreffende aanwending van die geld in soverre dit die vorming van burgers betref. Dit is trouens ook by die eise van Christelike Nasionale Onderwys ingesluit.

Die godsdiensonderwys was ingevolge hierdie reëling 'n saak van die ouers en die kerk en die staat kon slegs eis dat die onderwys in 'n Christelike gees verskaf moes word. Hierby was die opening en sluiting van die skool met gebed, skriflesing en Bybelse geskiedenis inbegrepe. Die meer bepaalde belydenisleer is aan die kerke oorgelaat.

Ingevolge hierdie wetgewing is 'n onderwysstelsel in die lewe geroep wat by die volksaard en tradisies aangepas het, naamlik 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys wat op Christelike, Bybelse en Nasionale grondslag met Hollands as voertaal berus het, 'n stelsel wat die belangstelling en steun van die Transvaalse Boerebevolking steeds geniet het, omdat dit rekening met hul gees, ontwikkeling, aard en behoeftes gehou het.

Na die Tweede Vryheidsoorlog het aan die lig gekom hoe die skool met vooropgestelde vyandelike beoelinge teen die volk ingespan kan word. Die Kroonkoloniebestuur kon geen middel beter as die skool vind vir die verengelsing van die Boerevolk nie. Die begeertes van die ouers is glad nie in aanmerking geneem nie en die ongerymdheid van eentalige Engelse leerkragte in Afrikaanse skole moes eenvoudig geduld word.

Die „Vriendenkring“³ en die daaruit voortspruitende „Algemene Kommissie tot behartiging van die Christelike Nasionale Onderwys“ het ingegryp en die belangrike beweging vir „Vrye Christelike Nasionale Skole“ het in 1903 ontstaan:

„..... vry van beheer en inmenging van die kant van die nuwe Engelse owerheid en Christelik Nasionaal in gees en strekking: 'n onderwys wat wou voortbou op die verlede, op die godsdienst, die taal, die geskiedenis en die kultuur van die oorwonne Boerenasie.“⁴

Dit was die koers wat die verowerde maar doelbewuste boerevolk toe ingeslaan het. Hierdie nasiebewuste ouers het hulle nie deur groot armoede laat afskrik om

3. 'n Beweging wat gedurende die oorlog deur ses onderwysers in die lewe geroep is om hulpbehoewende kollegas, weëns oorlogsomstandighede, hulp te verleen, met steun uit Holland verkry.

4. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 95 tot 96.

self skole op te rig, waar hul kinders volgens die sedes, gewoontes en godsdiens van hul voorgeslagte opgevoed kon word nie.

Oor die 200 van hierdie skole het tot stand gekom, maar Lord Milner en sy regering het hulle onverbiddelik daarteen verset. Lord Selborne was meer toegewyk.⁵ Die C.N.O.-kongres wat in 1905 te Pretoria deur die Volksleiers belê is, het baie duidelik verklaar dat hulle met staatsonderwys niks te doen wou hê nie. Die Selborne-minute is as onaanneemlik verwerp omdat die ouerreg en die beginsel van taalgelykheid verontagsaam is. In die plek daarvan is 'n stelsel van ouerverantwoordelikheid en staatsondersteuning gestel.

Die beweging vir vrye Christelike Nasionale Onderwys het so vinnig uitgebrei dat hulle fondse ontoereikend en die beskikbare aantal leerkragte onvoldoende geword het. Nogtans

„..... die Engelse owerheid het werklik begin vrees dat die openbare onderwys heeltemal verdring sou word.”⁶

Die volksleiers het hulle later egter laat beïnvloed en 'n stelsel van staatsonderwys in plaas van 'n staatsondersteunde stelsel is op die kongres van die C.N.O.-beweging in 1906 aanbeveel. Die reg van die ouer in verband met die benoeming van onderwysers en die onderwysvoertaal sou voortaan slegs op onregstreekse wyse deur middel van skoolkomitees erken word. Hierdie aanbeveling is deur die kongres aanvaar. Daar was wel diegene wat hierteen beswaar gemaak het, omdat dit maar 'n skynreg aan die ouers gegee het. Omdat daar nog

5. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 85 tot 87.
Die Selborne Minute en Goewermentskennisgewing No. 1117, 1905.
6. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 97.

vertroue in die volksleiers was, is die saak daarby gelaat.

Die Smutswet van 1907 is egter ooreenkomstig hierdie beginsels opgestel. Generaal J.C. Smuts het as Minister van Onderwys en Koloniale Sekretaris van „Het Volk“-regering die land deurreis om die mense te oortuig dat die nuwe regeringskole hulle alles sou gee wat hulle begeer het. Hierdie beïnvloeding het gaandeweg daartoe gelei dat sowat 115 skole met 4,700 leerlinge by die openbare stelsel aangesluit het.

2. WAT WORD MET CHRISTELIK NASIONALE ONDERWYS BEOOG?⁷

Om die verband tussen die staatskool en die „ouer-kerk-staatsondersteunde“ skool van die Suid-Afrikaanse Republiek beter te kan begryp, moet die aard en wese van die Christelike nasionale onderwys omskryf word. Die begrippe „Christelik“ en „Nasionaal“ is saamgegroeide begrippe en beteken 'n skool of onderwysstelsel wat in 'n Christelike sin nasionaal is. Dit wil sê:

„'n Christelike skool beteken 'n skool waarin die ganse inrigting in sy doel, onderwys en aktiwiteite die Christelike lewens- en wêreld-beskouing vertoon“⁸

Omdat hierdie skool ook in 'n Christelike sin nasionaal is, moet die onderwys die aankweking van 'n gemeenskaplike liefde vir die kultuurgoed van die volk, naamlik taal, letterkunde, beeldende kunste en godsdiens nastreef.

7. Raadpleeg:-

- (a) Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 15.
- (b) Coetzee: Ons C.N.O.-Beginsel, Onderwysblad, 1 Maart 1949.
- (c) Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal 1859-1937, 25 tot 41.
- (d) Kamp: De School hoort aan de Ouders.
- (e) Greyling: Tweede Trek, Reeks No. 8, Christelike en Nasionale Onderwys, 24 tot 39.

8. Greyling: Tweede Trek, Reeks No. 8, 19.

Hiervolgens moet daar vir die ontwikkeling van 'n nasionale lewens- en wêreldbeskouing onderwys verskaf word wat by die Boer 'n egte gesonde nasionale gees en lewensuitkyk sal laat ontplooi:

"..... sy liefde vir 'n
gemeenskaplike vaderland, geskiedenis,
godsdienst, kultuur en eie nasie,
en hy is van voorneme om sy kind daarin
en daarmee op te voed"⁹

Nou sal daar geredelik toegestem moet word, dat daar oor die beginsels waarop die C.N.O. berus, ingrypende meningsverskil kan bestaan. Mense met 'n ander lewens- en wêreldbeskouing as die Calvinis sal van die C.N.O. ten opsigte van die grondbeginsels en -gedagtes daarvan verskil. Die Calviniste wil andersdenkendes hierdie reg ook nie ontnem nie, maar maak tog self aanspraak daarop om 'n eie beleid op grond van bepaalde beginsels te formuleer. Inderwaarheid behoort andersdenkende Christene en nie-Christene alle Calviniste hierdie reg te gun, solank dit nie staatsvernietigend en/of sede-bederwend is nie.

In die opsig is daar 'n goeie waarborg, omdat die C.N.O.-beleid die handhawing van staatsgesag en openbare sedelikheid eerbiedig en beoog. Die C.N.O.-gedagte is dus teen niemand gemik nie maar streef na die verwesenliking van 'n eie ideaal.

"Ons beoog met hierdie beleid nóg die ondergang nóg die vernietiging van andersdenkers: Ons beoog twee konstruktiewe dinge:

(1) die behoud en bewaring van ons eie identiteit as Calviniste in Suid-Afrika wat geen ander tuiste as Suid-Afrika het nie, en

(2) tegelyk die behoud en bewaring van die identiteit van andersdenkers vir sover hul identiteit nie staatsvernietigend is nie."10

Daar is dus in die strewe van die C.N.O. geen sprake van oorheersing, onderdrukking en verkragting van die regte van andere nie.

Die Calvinis onderskei tussen en erken 'n verskeidenheid van lewensrigtings in die volkslewe. Daar is byvoorbeeld die onderskeid tussen Protestantse Christene - Calviniste, Lutherane, Anglikane - en Roomskatolieke. Onder die nie-Christene van alle nasionaliteite is daar sowel Joodse gelowiges as volslae ongelowiges.

Die C.N.O.-beleid is van toepassing op die belange van die Afrikaanse Calviniste en dit sal derhalwe verwelkom word as andersdenkendes slegs hul eie beleid wil formuleer en wêreldkundig maak:

„Dan kan ons almal saamwerk om iedereen se diepste begeertes verwesenlik te kry ons vra vir onself iets wat ons bereid is om aan alle andersdenkendes te gun."11

Die praktiese toepassing van die C.N.O.-ideaal kan slegs geskied as die huidige stelsel van staatsonderwys en -skole gewysig word tot 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys en skole.

Staatsondersteunde onderwys word eensdeels deur die Staat, en anderdeels deur die ouers ondersteun en beheer. Die georganiseerde ouergemeenskap het veel belang by die opvoeding van hul kinders in 'n bepaalde inrigting, wat die opvoeding in die huis erken, mits hierdie opvoeding nie „staatsvernietigend of sedsbederwend" is nie.

10. Coetzee: Inspan, Junie 1949, 13.

11. Ibid, 13.

Omdat staatsonderwys uit die aard van die saak heeltemal neutraal en dus sonder enige lewens- of wêreld-beskouing, sonder enige geloofbelydenis is, kan daar van die onderwys in die onderskeie lewensrigtinge noodwendig niks tereg kom nie.

Die hele saak kom dus daarop neer dat alle ouers, wat hul oortuiging ookal mag wees, hul kinders daarvolgens opgevoed wil hê en op grond hiervan moet hulle vir die opvoeding van hul kinders ook verantwoordelik gehou word. Dit sal hoofsaaklik beteken dat hulle moet toesien dat skole opgerig, in standgehou en behoorlik beheer word. Die ouergemeenskap moet 'n gedeelte van die geldelike verantwoordelikheid vir die opvoeding van hul kinders dra; dog die staat moet as magsdraer en handhawer van die gereg oorwegend hiertoe bydra.

„Die staat ondersteun dus die onderneming van die ouergemeenskap! En die ouergemeenskap moet deur middel van sy bestuur die skool beheer.“¹²

Hierdie beheer moet egter 'n gedeeltelike beheer wees, aangesien die staat en die onderwysers as beroepskundiges nie slegs belang daarby het nie, maar ook 'n reg van aanspraak daarop het. In die skool en al sy bedrywighede moet die onderwysers egter as beroepskundiges 'n baie groot aandeel in die beheer geniet.

Die beslissingsreg oor vraagstukke van leerplanne, leergange, onderwysmetodes, tug en inwendige organisasie moet dientengevolge aan hulle toevertrou word.

Met ander woorde, die ouergemeenskap moet oor die gees en oogmerke van die skool beslis, die staat oor

¹². Coetzee: Inspan, Junie 1949, 13.

die peil van die onderwys en oor die reg van elke burger, terwyl die onderwyser hom met die suiwer praktiese opvoedkundige vraagstukke moet bemoei.

In hierdie praktiese toepassing van die C.N.O.-ideaal sal andersdenkendes die Calvinis baie billik en vergewensgesind vind.

„Ons ken net een hoogsverhewe lewensdoel en dit is die verheerliking van ons Skepper, ons God en Vader.“¹³

Die optrede van mense met so 'n oortuiging kan nie anders as billik en opreg teenoor ander mense wees nie!

Vergelykenderwyse kan in hierdie verband verwys word na die onderwyspogings van die Engelse bevolkingsdeel op die Witwatersrand gedurende die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek.

Die Republikeinse regering het 'n beleid van besondere tegemoetkoming aan die Engelse skole op die Witwatersrand gevolg deur die erkenning van die sogenaamde „Besluitscholen.“¹⁴ 'n Staatstoelae is aan die Engelse skole toegeken, waarin die voertaal Engels was maar hul moes onderneem om onderrig in Hollands as leer vak deur 'n goedgekeurde onderwyser te verskaf. Die Engelse bevolking was hiermee egter nie tevrede nie en aangevuur deur openbare toesprake¹⁵ het hul tot die stigting van hul eie skole oorgegaan.

Al gou het 'n eie „Council of Education, Witwatersrand,“ ontstaan en is 'n „Direkteur van Onderwys“ benoem en geld vir die doel ingesamel.

Die verslag wat hierdie Raad oor die onderwys aan die Rand uitgebring het,¹⁶ het bepaalde leemtes aan

13. Coetzee: Inspan, Junie 1949, 24.

14. 1892, artikel 344, en verleng tot 1898.

15. onder andere H.W. Caldecott in 1898, 'n vooraanstaande Johannesburgse prokureur.

16. Transvaal and Orange River Colony. Public Education. Report of the Director of Education, November 1900 to February 1904, 63 tot 68.

die lig gebring wat ten gevolge gehad het „An Uitlander Education Law” van die Suid-Afrikaanse Republiek in 1896. Ingevolge die regulasies, soos deur die wet bepaal, het die Engelse onder andere die volgende afleidings gemaak:

- (i) "That the qualifications of the teachers of the new schools were so limited and defined as to make it impossible for any one but a Hollander to become headmaster.
- (ii) A child during his first year in school was to devote one hour per day to instruction in Dutch whilst in his fourth year he was expected to take the whole of his instruction through the medium of that language." 17

Die Engelse bevolking het hulle hiermee nie vereenselwig nie en 'n eie skoolstelsel bly handhaaf. As die behandeling van die Engelse bevolking onder die Suid-Afrikaanse Republiek met die van die Boerebevolking na die verowering van die Republiek vergelyk word, is dit duidelik dat beide bewegings in 'n natuurlike verset teen die verkragting van hul beginsels gekom het.

3. INVLOEDE ONDER KROONKOLONIALE BESTUUR.

Gedurende die oorlogsjare het die nuwe Engelse Administrasie die heer E.B. Sargent, 'n deskundige op die gebied van onderwys in Engelse kolonies,¹⁸ na Suid-Afrika uitgenooi as buitengewone onderwysraadgewer van die Militêre Administrasies van die twee besette Boere Republieke.

Toe hy hom in Transvaal gevestig het, was die onderwys aan die Rand in hande van mnr. J. Robinson en in Pretoria was mnr. W. MacFadyen daarvoor verantwoorde-

17. Transvaal and Orange River Colony. Public Education. Report of the Director of Education, November 1900 to February 1904, 67.

18. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 72.

lik. Na die sluiting van die vrede het Sargant se onderwyswet in werking getree.¹⁹ Dit het voorsiening gemaak vir 'n stelsel van gratis, nie-sektariese en nie-verpligte staatsonderwys. Aan die hoof van 'n Departement van Openbare Onderwys het 'n Direkteur van Onderwys gestaan. Die eerste Direkteur van die Transvaalse Departement was E.B. Sargant. F. Ware, die onder-direkteur, het op 1 Julie 1903 na die aanstelling van Sargant as „Educational Advisor to his Excellency the High Commissioner and Governor,” Direkteur van Onderwys in Transvaal geword. Hy het hierdie betrekking tot in Februarie 1905 bekleed. Daarna het die heer H. Warre Cornish, Sekretaris van Onderwys, waargeneem totdat J.E. Adamson die betrekking in Junie 1905 aanvaar het.

Volgens die onderwysverslae²⁰ van Sargant kan die gees en rigting vasgestel word wat die nuwe onderwysbewind in Transvaal voorgestaan het. Reeds in Julie 1902, pas 'n maand na die vredesluiting, het Sargant 'n konferensie van leerkragte uit Transvaal en Oranje Vrystaat belê:

“The total number of teachers in the two Colonies is now about 1,000; of these 750 are gathered together in this hall.”²¹

Op 'n baie vernuftige wyse het hy die kongres ingelig oor die eise wat aan die onderwys behoort gestel te word, Nadat hy sy blydschap oor so 'n groot opkoms uitgespreek het en daarvan melding gemaak het dat die verteenwoordigers uit 'n groot verskeidenheid rasse saamgestel is, het hy die ongedwongenheid van die kongres soos volg beskryf:

19. Ordonnansie No. 7 van 1903.

20. Transvaal and Orange River Colony. Public Education. Report of the Director of Education, November 1900 to February 1904.

21. Ibid, 95.

"It is that the welfare of the children stands above the tumult of war, and that, even in such a time of stress as we have just passed through, they must be saved from the evils of ignorance." 22

Wat was hierdie „welvaart“ wat die onderwys aan die kinders moes besorg? Eenheid!

"Now that I have touched on the question of unity, you must allow me to express my thoughts with a fulness and a warmth that I feel about few other subjects. South Africa has to be taught to understand the value of unity, and it lies with you teachers to educate her in that view It is for you to make the children in the schools understand that these differences of parties must be obliterated before South Africa is worthy to take her place beside the Dominion of Canada or the Commonwealth of Australia." 23

Met ander woorde, die onderwys moes Suid-Afrika deur en deur 'n Britse kolonie maak. Hy het vier vereistes genoem wat hierdie eenheidstrewes moes verwesenlik:

(a) Daar is die individu self.

"There is the unity of the individual with himself, which prevents his various aptitudes and desires from clashing with one another." 24

Dis die belangrikste soort eenheid en ook die nimmereindigende les wat die mens tussen die wieg en die graf moet leer.

(b) Daar is die gesinseenheid.

"The Dutch of South Africa exhibit in their farm life a unity of this nature which is truly remarkable." 25

22. Transvaal and Orange River Colony. Public Education. Report of the Director of Education, November 1900 to February 1904, 96.

23. Ibid, 97.

24. Ibid, 98.

25. Ibid, 98.

Dit was nie vir die skole nodig gewees om iets in die verband te doen nie, want die Boerekinders van die kampskole kon buitengewoon maklik beheer word en hulle was besonder liefdevol.

"This is without doubt the result of the charming family relations which are engendered through the farm life."²⁶

(c) Daar is die distrik. Ook in die geval moes die bande van eenheid elke ou groepie saamsnoer in 'n eensgesinde gemeenskap wat in vrede en liefde met mekaar saamleef.

(d) Dan is daar die groter eenhede: die kolonies, Suid-Afrika en die Britse Ryk! Ons moet leer om hieroor heen geen grense wat skei en skeiding bring, raak te sien nie -

"Their imagination may embrace the idea of a world Empire connected, not separated, by the sea - an Empire which ever tends to closer union!"²⁷

En as die skool hierdie lesse nie net so belangrik as die ander skoolwerk beskou nie, is die onderwysers nie goeie amptenare van

"..... the Colonies in which you live, or of His Majesty, to whom you are ultimately responsible."²⁸

Hy beny eintlik die wonderlike voorreg wat die onderwysers het om 'n vredeliewende eenheidsvolk te kan vorm.

"It is this passion for unity, this fervent desire for peace, for which all men may pray, that you as teachers have it in your power to create!"²⁹

26. Transvaal and Orange River Colony. Public Education. Report of the Director of Education, November 1900 to February 1904, 98.

27. Ibid, 98.

28. Ibid, 99.

29. Ibid, 100.

Prof. J. Kamp het namens die verowerde Boerevolk die toedrag van sake egter soos volg beskryf:

„Men late tog dat dwaze idee varen, van „een natie te maken.“ Naties worden niet gemaakt. God heeft ze gecreëerd; Hy wil, dat ze bestaan, om het mensdom niet te doen ondergaan in de duffe eenvormigheid. Daar staat geschreven: „Wat God verenigd heeft, scheid de mens niet.“ Volgt daaruit niet vanzelf het gebod: Wat God gescheiden heeft, verenig de mens niet?”³⁰

Ten gevolge van hierdie twee uiteenlopende gesigspunte, die Christelik nasionale en die internasionaal staatkundige, is dit verstaanbaar waarom die uitbreiding van gratis staatsonderwys met 'n kragtige ontwikkeling van die Christelike nasionale onderwys te doen gekry het. Sargant se standpunt in verband met hierdie C.N.O.-strewe van die Boerevolk word in sy onderwysverslag van 1904 uiteengesit.³¹

Dis so natuurlik, meen hy, dat hierdie skole in opposisie met die staatskole vir die behoud van die eertydse Republikeinse onderwysideale sou ontstaan. Dis egter noodsaaklik om die vraagstuk van nasionale skole in die kolonies met kalme bedaardheid te bespreek.

In Engeland het die Anglikaanse Kerk sig ook, soos die toentertydse Hollandse kerke, beywer vir die verkryging van nasionale kerkskole. Hoewel die kerk nie vir hierdie strewe kwalik geneem kan word nie, was dit wel waar dat hierdie skole nie in die breë sin werklik nasionaal was nie. Hulle is eensdeels volgens rasse- en anderdeels volgens sektariese groepe ingedeel.

30. Kamp: De School Hoort aan de Ouders, 18.

31. Transvaal and Orange River Colony. Public Education. Report of the Director of Education, November 1900 to February 1904, 52 tot 55.

Die staatsonderwys in Transvaal was gesentraliseerd, maar daar was niks wat die regering verhinder het om 'n deel van sy mag en 'n mate van sy geldelike verantwoordelikheid aan plaaslike ondernemingsgees af te staan nie. Dit was egter baie duidelik dat die staat nie van plan was om mag aan klein plaaslike groepies af te staan nie. Die gekose skoolkomitees is deur die skoolouers gekies en omdat hulle te veel gedentraliseerd was, kon daar nie veel verantwoordelikheid aan hulle toevertrou word nie. Sargant het voorts gemeen dat die gebruike van die verlede eerbiedig moes word en dat die bevolking self die geboorte van één Suid-Afrikaanse volk behoort te verwelkom:

"But in the attainment of that end, they fear the obliteration of all that is best in Afri-cander traditions, just as the British dread the loss of that which is distinctly English."

Om die meerderheid mense te oortuig dat plaaslike onderwyskomitees daartoe sou bydra om die twee rasse gouer te laat saamsmelt, sou egter met die verloop van tyd bewys word. Middelerwyl kon die bitterheid versag word as die C.N.O.-skole op so 'n wyse gesteun is, dat dit die ontstaan van die groter eenheid nie sou verhoed nie.

Om die netelige vraagstuk van die Godsdiensonderwys op te los is 'n lang vraelys³³ aan Britse kolonies vir beantwoording gestuur.

Hierdie verslag van Sargant wek die indruk, dat sy gevoel van menslikheid hom tegemoetkomend teenoor die C.N.O.-strewes gestem het. Ingevolge sy opdrag om die verowerde volk van hierdie land deur die skool so

32. Transvaal and Orange River Colony. Public Education. Report of the Director of Education, November 1900 to February 1904, 54.

33. Ibid, 150 tot 158.

gou moontlik te verengels, moes hy egter onverbiddelik by die uitvoering van sy opdrag staan en in hierdie gees is die onderwys in 1905 aan J.E. Adamson oorhandig.

4. ADAMSON EN DIE C.N.O.

In 'n voorwoord tot die 1906 Onderwysverslag gee die Koloniale Sekretaris³⁴ 'n kort samevatting van die verhouding tussen die sentrale en plaaslike beheer oor die onderwys onder die Kroonkolonieregering. Dit blyk hieruit dat daar aan die skoolkomitees en die skoolrade³⁵ slegs adviserende mag toegeken was.

Moes daar voortaan volgens hierdie stelsel voortgewerk word of moes daar aan hierdie plaaslike liggame uitvoerende mag ten opsigte van geldelike verantwoordelikheid toegeken word? Hierdie stelsel was in die Suid-Afrikaanse Republiek in swang en dit was sy mening dat enige regering dit as 'n agterwaartse stap sou beskou. Die Transvaalse onderwystoestande verg juis sterk sentrale optrede en hoewel 'n onderwysstelsel by die tradisies en strewe van 'n volk moet aanpas, is die bevolking so klein dat dit nie vreemd teenoor 'n sentrale onderwysdepartement hoef te staan nie. 'n Te spoedige oorgang tot plaaslike administratiewe beheer na 'n rasse-oorlog, soos die Tweede Vryheidsoorlog, sou te gevaarlik wees.

Hy het gemeen dat die regering verplig was om aan die bestaan van die C.N.O.-skole aandag te skenk, want die ontstaan van hierdie skole moes toegeskryf word aan die veronderstelling dat:

"..... the Government school code is framed with the object of destroying the Boer nationality

34. Duncan: T.O.D. Jaarverslag 1906, 1 tot 6.

35. Goewermentskennisgewings No. 860 van 1903 en No. 1117 van 1905.

and language and does not allow the parents to appoint the teachers and, therefore, prevents them from discharging their responsibility for the proper moral and religious training of their children."³⁶

In die lig van die Sargantverklaring wil dit voorkom asof die C.N.O.-strewende die werklike motiewe van die Engelse onderwys bewind dus wel deeglik ingesien het. Om die gevaar van hierdie toestand teen die staatsonderwys dan die hoof te bied was sy mening dat die C.N.O.-skole geen staatsstoelae moes ontvang nie en hierby het hy gevoeg:

"The present system of primary education is broad enough and sympathetic enough to satisfy all whose judgment is not ruled by political or racial mistrust."³⁷

As hierdie stelsel nog nie in al die behoeftes voorsien het nie, kon dit verbeter word sonder om die nodige eenheid deur C.N.O. te verbreek. Die vier eise van die C.N.O., godsdiens, taal, nasionalisme en die aanstelling en beheer van die onderwysers deur die ouers, kon egter nie goedskiks toegestaan word nie. Hoewel toegewings in verband met godsdiens en taalregte toegestaan kon word, moes nasionalisme op 'n breë grondslag in die staatskole gekweek word en die onderwyser se werk was van 'n te nasionale aard om hom aan die beheer van die ouers oor te laat. EEN stelsel van openbare laer- onderwys is as die belangrikste vereiste vir die eenwording van die volk beskou.

"If your loyalty stops short at one race, one culture, one language, if there is no bridge, not merely of tolerance but of warm sympathy, to the other race, culture and language, then you are not a South African citizen."³⁸

36. Duncan: T.O.D. Jaarverslag 1906, 4.

37. Ibid, 5.

38. Adamson: Externals and Essentials, 136.

Vir hom was die staatstelsel, wat onder andere ook die verengelsing van Transvaal beoog het, goed en aanneemlik en volgens hom het 'n deel van die Boerevolk hul teenstand reeds in 1906 begin staak.³⁹ Hul enigste besware was die sentrale beheer oor die onderwys, die gevaar wat die onderwysordonnansie vir hul godsdien, taal en nasionaliteit ingehou het en die verwêreldliking van die onderwys. Hierdie besware teen die staatstelsel het hy nie as heeltemal gegrond beskou nie, want ingevolge die voorsiening vir adviserende skoolkomitees en skoolrade het hul tog seggenskap in die beheer gehad en namate hul kennis toegeneem het sou hul opvatting oor nasionaliteit gewysig word. Hierbenewens was die gebruik van hul taal in die laerklasse nie verbied nie. Volgens hom het daar ook geen rede bestaan waarom hulle oor die godsdien so beswaard moes voel nie, want die Engelse sou ewe min as die Boere met 'n godsdienlose stelsel tevrede wees.

"But for the removal of all doubt let it be said that Bible teaching is a compulsory subject of the school code"⁴⁰

En hieraan het hy toegevoeg:

"The ultimate remedy is a consistent and unwavering adherence to an honest and liberal policy."⁴¹

Hierdie „honest and liberal policy” beteken vir hom 'n gesentraliseerde staatstelsel⁴² waarvolgens die leerkrigte staatsamptenare⁴³ in die regte sin van die woord is.

39. Adamson: T.C.D. Jaarverslag 1906, 8 en 9.

40. T.C.D. Jaarverslag 1906, 9.

41. Ibid 1906, 9.

42. Ibid 1906, 116 tot 121.

43. Ibid 1906, 8.

"The moment education receives support from the rates, it is in the arena of parchial, political and religious controversy; it ceases to be in any sense a national affair. In this Colony there is the still graver danger that it might become a focus for racial animosity."⁴⁴

Ingevolge die onderwyswet van 1907 is die staatsbeheer oor onderwys vir goed beklink en is die hoop dat die C.N.O. as 'n moontlike staatstelsel sou voortleef, verydel. Hierdie skole is dan ook met die verloop van tyd by die staatskole ingeskakel.

Die oorname het glad en grootmoedig verloop en Adamson het die redelikheid en verdraagsaamheid waarmee die onderwysvraagstukke deur die volk benader is, geloof.⁴⁵ In hierdie verdraagsame verloop van sake het Adamson dan ook die lig van nuwe moontlikhede gesien:

"..... the greatest promise for the future can be found in the fact that all sections of the community have given lively and, on the whole, enlightened and unbiased attention to the subject."⁴⁶

En dan werp hy 'n blik op die toekoms en bevestig sy onwankelbare vertroue met die versekering:

"I believe that the magnanimity which public men and the public press have shewn in their discussions, represent a wide-spread feeling among the people themselves that personal or party wishes must be sacrificed, if they endanger the establishment of a single, comprehensive, and national system of public education."⁴⁷

Die ontstaan van die C.N.O. om taal en godsdienstrege te beskerm het volgens hom slegs op 'n misverstand berus, maar -

44. T.O.D. Jaarverslag 1906, 118.

45. Ibid 1907, 2.

46. Ibid 1907, 1.

47. Ibid 1907, 1.

"That misunderstanding has now been removed and the system is at an end."⁴⁸

Hierdie gunstige verloop en die oplossing van die vraagstuk moet toegeskryf word aan die invoering van verantwoordelike regering, die bekwaamheid van die minister van onderwys en die onderwyswet wat algemene tevredenheid verskaf het.

(a) Verantwoordelike regering.

"So deep-rooted is the dislike of the Dutch people to any but representative institutions that no system of education, however good, which had so to speak, an official birth, could ever have become an adopted child of the people. The grant of Responsible Government brought a chance. It created a background of affairs on which fewer distortions of perspective were possible"⁴⁹

(b) Die Minister van Onderwys.

"..... and with the time came the individual. General Smuts, the first Minister of Education, put the issues before the people in no uncertain way. he made it clear that the one way to keep apart the two peoples who are destined to dwell together in this land, was to educate them in separate and distinct schools, and the one way to bring them together in that unity in which alone all racial animosities would disappear and which alone would bring about the colony's true welfare, was to put them side by side in their impressionable school days."⁵⁰

(c) Die Onderwyswet.

"He promised a law which, while it embodied what was good in the old system, should also embody the aspirations of those who had been led to establish the C.N.O. system. He believed that the views which had led to the two systems could be blended in one

48. T.O.D. Jaarverslag 1907, 1.

49. Ibid 1907, 2.

50. Ibid 1907, 2.

national type and ideal of education Then came the Education Bill it passed the three readings without a division."⁵¹

Adamson was self hiermee ingenome, want afsonderlike skole was volgens hom geen noodsaaklikheid nie. Die bestaande stelsel waarvolgens afsonderlike soorte skole erken is, moes dus afgeskaf word.

"There can be no satisfaction until this is completed."⁵²

Hy het verlang dat skoolrade kragtens seksie 59 van die Onderwyswet moes optree

"..... for putting an end as soon as possible to an arrangement which keeps English and Dutch children apart."⁵³

want hierdie skeiding is sosiale apartheid wat baie nadelige gevolge vir die eenwording van die volk inhou.

In Januarie 1908 is vier Hollandse inspekteurs⁵⁴ vir Hollands as leervak aangestel. Hierdie reëling het tot in 1910 van krag gebly toe die werk weer deur die gewone inspekteurs oorgeneem is.

In 1909 het Adamson as inspekteur van middelbare skole aanbeveel dat die Eendrachtskool in Pretoria moes sluit en dat die leerlinge van hierdie skool na die Engelse Hoërseunskool en Engelse Hoërmeisieskool oorgeplaas moes word. Hierdie skool was bekend vir sy suiwere uitlewing van die C.N.O.-beginsels. In 1910 is die hoof, mnr. F.P. Hoogenhout tot die inspektoraat bevorder.

"..... practically the last trace of the dual system of schools has disappeared."⁵⁵

51. T.O.D. Jaarverslag 1907, 2.

52. Ibid 1907, 17.

53. Ibid 1907, 17.

54. J.A. Donges, W. Klooster, T.C. Stoffberg, H. Visscher.

55. T.O.D. Jaarverslag 1910, 25.

In 1910 is kragtens die Rissik-ordonnansie⁵⁶ Engels en Hollands op volkome gelyke voet in die skole geplaas en daar is oor die ontstaan en voortbestaan van aparte skole vir Engelse en Afrikaanse kinders beslis.

5. KRITIESE BESKOUING.

„As daar een ding is waarna die siel en hart van die Afrikaner uitgaan, dan is dit juis die ideaal van vryheid.”⁵⁷

Dis hiervoor wat hy huis en haard verlaat het om 'n nuwe tuiste in 'n wilde, onherbergsame vreemde te gaan soek. Hiervoor het hy 'n bloedprys teen die Bantomagte betaal. Majuba is om dieselfde ideaal bestorm en verower. Die uitdaging van die hele Britse Ryk in 1899 was nie by magte om sy hart en sy siel te bevries en sy vryheidsideaal te breek nie. Fier en fors het hy na die wapens gegryp toe sy reg van vryheid aangetas is en drie lange jare het hy die magte van Groot-Brittanje met 'n ysterwil weerstaan en terselfdertyd geleer om in die Engelsman die verwoester van sy selfstandigheid te sien.

Die staking van vyandelikhede en die ondertekening van die vrede van Vereeniging was slegs 'n teken dat sy vlees te moeg en te mat was. Die krag van sy gees was nie gebreek nie. Dit sou weer in die gees van Majuba vèrgesigte van 'n Boere-vryheid belewe. Dit sou aanhou stry,

„dat die erwe van ons va'dre vir ons kinders erwe bly: knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry!”⁵⁸

56. Taalordonnansie No. 5 van 1911.

57. Coetzee: Onderwysblad, Maart 1949, 15.

58. Die Stem - C.J. Langenhoven.

Dit was met hierdie gees wat die Engelse bewind na die Tweede Vryheidsoorlog te doen sou kry. Dit was ook met hierdie Boere-geloof waarmee Adamson in die onderwys rekening sou moes hou. Maar Adamson was self 'n vaderlander en die kind van Britse demokratiese nasionalisme. Ook in hom het die vuur van 'n tradisionele verlede oorwinningsgedagtes gewek. Hy het 'n vryheidsdrang, sy eie aard en wese geken en hy het dus as opgevoede Brit geweet waarmee hy te doen sou kry.

"..... it is the nature of the individual, from the lowest amoeba to the highest genius, to push itself We all struggle to live, we are all moved by the instinct of self preservation; normally we all think survival better than suicide. And as with the individual so with the group. Patriotism is pride in the individuality of the group, an individuality shaped by heredity and environment."⁵⁹

Lojaliteit aan jou volk en land is 'n geboortereg, 'n bloedband, want jou Vaderland is die rusplaas van jou voorvaders en die wieg van jou wordende geslagte.

Adamson het dit nie net geweet nie, maar hy het dit ook gesê, en sy opvatting van lojaliteitsontwikkeling duidelik gestel.⁶⁰

"It is worth while to try and get a bird's-eye view of the evolution of loyalties from inarticulate feelings to an articulate ideal. Normally they go on expanding as long as one lives They move outwards concentrically like the wave caused by throwing a stone into a pond. Loyalty is not like butter which, spread over too much bread, loses its flavour It refines and deepens by extension."⁶¹

59. Adamson: *Externals and Essentials*, 130 en 131.

60. *Ibid*, 130 tot 138.

61. *Ibid*, 134 en 138.

P = Provinsie.


SA = Suid-Afrika.

BGN = Britse Gemenebes van Nasies.

V = Volkerebond.

M = Mensheid.

Ontwikkeling van ons lojaliteit.



Die lewenswaardes wat nagestreef moet word, begin by lojaliteit aan jou Provinsie, jou Land, die Britse Gemenebes, die Volkerebond en die Mensdom. Dis 'n lang pad en as hierdie lewenswaardes vir die mens iets moet beteken, moet dit tot 'n wesenlike deel van sy ego vervleg word om sy persoonlikheid te verfyn en te verryk. Volgens hom moet nasionaliteit aan stoflike sowel as geestelike vereistes voldoen. Op stoflike gebied is dit 'n eenheidswording met die omgewing. Dit moet as die erwe van die Vadere oorsien en bemin word. Op geestelike gebied is dit egter diepergaande.

"It is the soul of a people
which is the real hearth and home
of nationality." 62

Die kern van nasionalisme is eenheid.

"Nationality is ultimately
oneness of thought, emotion and
will." 63

62. Adamson: *Externals and Essentials*, 136.

63. *Ibid*, 136.

Verdraagsaamheid en ware eerbied vir die ander ras, sy kultuur en taal is noodsaaklike vereistes vir volksgroei. Suid-Afrikaanse nasionalisme behoort eintlik 'n drie-enige vorm aan te neem waarin aan Boer, Brit en Bantu 'n bestaansreg gegun word.

"There must be a blend, a unity of heart and mind, in which each, while preserving its group individuality and contributing according to its powers and its peculiar genius to the common weal, recognises, sympathises with and estimates at its true value the individuality and contribution of the other two."⁶⁴

Deur die penne van jou lojaliteit wyd in te slaan sal jy jou patriotisme verdiep en verfyn.

"The sailor voyages to the ends of the earth to bring treasure home."⁶⁵

So het Adamson die wording van 'n Afrikaanse nasie beskou en in die praktiese verwesenliking daarvan was hy 'n verstandige, besadigde en wyse Direkteur van Onderwys.

64. Adamson: *Externals and Essentials*, 137.

65. *Ibid*, 138.